

VRYDAG 27 MAART

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 22:14–23

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 22:23

Doëg – God bly altyd die regverdige

Jaloesie maak 'n mens redeloos en bring jou by selfvernietiging. Dit is die tragiese geskiedenis van koning Saul se haat vir Dawid, die gesalfde van die Here. In Israel onder Saul herken ons ons wêreld. Dis 'n lewe van vrees en onsekerheid. Dawid vlug aanmekeer vir sy lewe. Doëg (vreeswekkend), die Edomiet, gaan verkla die priesters wanneer hulle vir Dawid met kos en wapens help. Hy wil baie graag die gunsteling van die koning wees.

Ons moet een baie belangrike saak onthou: Gos is agter alles aan die werk om sy raadsplan in hierdie wêreld te ontplooi. Die oordeel oor Eli se nageslag word voltrek (1 Sam. 3:11–14). In die proses is Doëg die instrument wat die Here gebruik om sy heiligheid en soewereiniteit te beklemtoon. Doëg vernietig die stad Nob, waarin die priesters gewoon het. Honderde mense en diere sterf. Uiteindelik is dit net een man wat ontsnap. Abjatar sou in Dawid se diens bly, totdat hy die verkeerde seun, Adonia, as koning ondersteun (1 Kon. 1:7) en deur Salomo van sy priesterskap onthef word.

Wie se gunsteling wil jy vandag wees? Daar is 'n pad wat na ewige redding en beskerming lei. Die pad weg van die haat wat jaloesie bring. Die almagtige Verbondsgod is die God wat ons teen die mag van die sonde kan beskerm. Hy gee vir ons 'n pad. Jesus Christus is die weg en die waarheid en die lewe. *Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie* (Joh. 14: 6).

Die Vader gebruik die heiden Pilatus om sy eie Seun te veroordeel. Pilatus wou ook graag die gunsteling van die Jode wees. Juis deur Jesus Christus en die inwerking van die Heilige Gees word ons egter van binne skoongemaak.

Op Golgota hang een mens wat werklik die Redder en Beskermer is. God se eie Seun bou 'n kruisbrug wat ware liefde na die wêreld bring. Vandag nog oorbrug Hy die haat van die heidene deur ons as instrumente te gebruik om sy genade te verkondig. Hy gee aan ons 'n opdrag om aan die volke van die wêreld die Blye Boodskap te bring. Ons moet aan God se opdrag gehoorsaam wees (Hand. 5:29).

Ons moenie vriende met die wêreld probeer wees en hulle gunsteling probeer wees nie. God bly sonde haat, maar Hy gee die Heilige Gees aan elkeen wat aan Hom gehoorsaam is, om daarteen te stry. Daarom is daar vir elke gelowige hoop en uitsig, en vir elke sondaar wat bekeer.

God se Gesalfde is die werklike hoop vir elkeen wat vandag werklik diensbaar en aan Hom gehoorsaam bly.

Sing: Psalm 144:4, 6 (1936)

Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)